



# PERESKIA

deur HILDEGARD DE BEER  
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Pretoria

*Pereskia* (*Pereskia aculeata* Mill., familie Cactaceae) hou 'n groot bedreiging vir plantegroei in Natal, Kwazulu en die Oos-Kaap in. Dit is 'n redelik vinnig groeiende rankplant wat ander bome oorgroei en uiteindelik kan doodmaak, terwyl die venynige dorings besmette gebiede ontoeganklik maak. Daarbenewens plant dit baie doeltreffend vegetatief voort, en is dit uiters moeilik om uit te roei.

Die plantsoort staan ook as Barbadosstekelbessie bekend, en in Engels word dit 'Pereskia creeper', 'Barbados gooseberry', 'lemon vine' of 'leafy cactus' genoem.

## MORFOLOGIE

*Pereskia* behoort tot 'n primitiewe groep kaktusse met egte blare. Dit is 'n struikagtige tot klimmende plant met lang, sweepagtige takke. Op die basale houtagtige deel van die plant kom daar venynige, reguit, 30 tot 40 mm lang dorings in groepe op opgehewe knoppe op die stamme voor. Op die jong stingels is die dorings kort en gebuig, en kom in pare in die blaaroksels voor. Hierdie gebuigde dorings help die plant om te klim, terwyl die lang, reguit dorings die kwesbare dele van die plant beskerm.

Die vlesige, blink, donkergroen blare is ovaalvormig tot verleng, 50 tot 70 mm lank en 30 tot 40 mm breed. Hulle het kort blaarsteeltjies, en is afwisselend gerangskik. Naby die punte van die takke kom groot getalle wit, roomkleurige, of gelerige blomme in eindstandige trosse voor. Die blomme is 25 tot 45 mm in deursnee, en het talryke blomblare en meeldrade. Die blomme het 'n aangename suurlemoengeur en word deur heuningbye besoek. Die blomme ontwikkel tot groen vrugte, tot ongeveer 20 mm in deursnee, wat geel tot oranje verkleur wanneer dit ryp word. Die volwasse vrugte is omring deur 'n krans blaaragtige skubbe, soms met 'n stekel, wat egter afval wanneer die vrug ryp word. In die vrugte kom tot vyf platterige, swart sade voor, waarvan gewoonlik net een of twee tot volle grootte ontwikkel en kiemkragtig is. Die vrugte is eetbaar, en kan gebruik word om konfyt van te kook.

Op die oog af lyk en groei pereskia baie soos bougainvillea, maar kan uitgeken word aan die ouer stamme wat groepe reguit dorings op kort afstande van mekaar dra. Daar kom ook 'n gevlekte vorm van pereskia voor, wat aan dieselfde spesie behoort,

asook 'n goue vorm wat weer kan oorsprong gee aan die wilde, groen vorm.

## OORSPRONG EN VERSPREIDING

*Pereskia* is inheems in Suid- en Sentraal-Amerika en die Wes-Indiese Eilande. Dit kom reeds baie jare in Natal voor. In 1881 is daar reeds aangeteken dat die vrugte gebruik is om konfyt te kook, maar daar is eers onlangs besef dat dit so 'n gevaarlike indringerplant is.

Die feit dat die meeste besmettings naby krale van Swartes voorkom, het die vermoede laat ontstaan dat die Zoeloes dit as 'n beskermende heining rondom hulle veekele en grafte geplant het, vanwaar dit toe na die omringende veld versprei het.

Tans kom pereskia in geïsoleerde kolle oor 'n baie wye gebied voor. Die hele Natalse kusstrook, vanaf Margate in die suide tot Mtubatuba in die noorde, en binnelands tot by Pietermaritzburg, asook die woudegebiede van Kwazulu is besmet, met groot besmettings by die Sibaya- en St. Luciameer en Umzinto. Klein besmettings kom ook naby Waterpoort in die Transvaal en Bathurst naby Port Alfred in die Oos-Kaap voor.

Hierdie indringerplant floreer in omgewings wat wissel van kusgebiede tot die



FIG. 1 - 'n Groot aantal roomkleurige blomme kom in eindstandige trosse naby die punte van die takke voor

FIG. 2 - Inlas: Die groen vrugte is omring deur 'n krans blaaragtige skubbe wat afval wanneer die vrug ryp word



FIG. 3 - Groepe lang reguit dorings wat op opgehewe knoppe op die stamme voorkom



FIG. 4 - Pereskia kan oor ander plante groei en hulle mettertyd laat doodgaan

misgordel-middellande van Natal, en dring plantasies en natuurlike woude binne.

### GROEI EN VOORTPLANTING

Voortplanting deur saad is redelik doeltreffend. Hoewel elke vrug gemiddeld slegs ongeveer twee kiemkragtige sade bevat, is dit steeds genoeg om 'n nuwe besmetting te begin. Die vrugte word deur voëls, en moontlik ook ape, gevreet, wat dan die sade na ander gebiede kan versprei. Die sade ontkiem geredelik in die son en skaduwee, en saailinge vestig maklik.

Sodra 'n saailing in die skaduwee gevestig is, begin dit teen ander bome oprank met behulp van die dorings aan sy takke, totdat dit die sonlig bereik. Daar sprei die takke uit en vorm 'n digte, ondeurdringbare mat doringagtige takke bo-op die kruin van die woud. Dit oorskadu alle ander plantegroei, en selfs groot bome kan onder die gewig van hierdie massa ineengevlegte takke inmekaarstort.

Uitlopers van pereskia rank ook grond langs om sodoende die hele gebied onbegaanbaar te maak.

Afgebreekte stukke stingels wat bo in die bome agterbly nadat die res van die plant verwyder is, kan nog baie lank aan die lewe bly. Gevalle is bekend waar sulke takke nog gelewe het 3 jaar nadat die plant afgekap is. Wanneer so 'n stingelstukkies dan op die grond val, kan dit weer wortel skiet en oorsprong gee aan 'n nuwe plant. Enige stukkies van die stingel - selfs korter as 10 mm - kan 'n nuwe plant vorm. Hierdie buitengewone vermoë tot vegetatiewe voortplanting veroorsaak dat geen hout ooit uit 'n besmette plantasie verwyder mag word nie, omdat die risiko van verspreiding te hoog is. Dit kan soms raadsaam wees om 'n besmette gebied toe te kamp, om beweging in en uit die gebied te beperk.

Nog 'n algemene verspreidingsmetode is deurdat tuiniers hulle pereskia-heinings snoei en die stukke iewers in die veld weggooi, waar dit dan 'n nuwe besmetting vorm. Sulke heinings word by huise in Natal en Port Alfred aangetref, en sommige kwekerie verkoop die onkruid selfs as 'n sierplant.

### WETGEWING

In terme van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983) is pereskia tot 'n onkruid verklaar. Die plant mag dus nie versprei word, of toegelaat word om te versprei nie. Alle stedelike gebiede in die Republiek, asook alle plaaseenhede in die Kaapprovinsie en die Oranje-Vrystaat moet vry wees van die onkruid. Op alle ander plaaseenhede in die Republiek moet dit beheer word indien dit daar voorkom.

### BEHEER

Ongelukkig is daar tot dusver geen plantdoder geregistreer vir die chemiese beheer van pereskia nie, maar die gebruik van 'n verskeidenheid moontlik doeltreffende onkruidodders word deur die Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming ondersoek. Inligting sal mettertyd beskikbaar gestel word.

In die geval van minder ernstige besmettings kan die stam van die onkruid net bokant die grondvlak afgekap word, die wortels uitgetrek word, en soveel moontlik van die takke uit die blaredak afgetrek word. Al die plantmateriaal word dan op hope gepak om uit te droog, en daarna verbrand. Opvolgwerk sal nodig wees om alle hergroei en saailinge wat intussen opgekom het, te vernietig. Indien hierdie proses gereeld toegepas word, sal vrugvorming verhinder word.

'n Metode wat al in die verlede toegepas is om totale beheer van 'n baie ernstige besmetting te verkry, is om al die plantegroei in die besmette gebied te vernietig. Die grense van die besmetting is noukeurig vasgestel, en al die bome binne die gebied is afgekap en die ondergroei is afgesny. Al die plantmateriaal is daarna op hope gestapel. Toe dit redelik droog was, is dit met diesel deurweek en aan die brand gestee. Elke stapel is noukeurig omgekeer om te verseker dat al die plantmateriaal wel verbrand het. Daarna is daar gereeld opvolgwerk gedoen om hergroei te verhoed.

*Uitgegeë deur die Departement van Landbou en Watervoorsiening en verkrygbaar van die Direkoraat Landbou-inligting, Privatsak X144, Pretoria 0001*

Gedruk vir die Staatsdrukker, Pretoria deur Promedia Publikasies, Posbus 255, Silverton 0127